

WEEF LAPPIES

DIE lappiesmat is die eerste keer om en by 1700 in Noord-Europa, Amerika en die noordelike dele van Engeland gemaak.

Hier wys ons hoe om 'n eenvoudige lappiesmat te maak.

Moenie deur die grootte van die raam en die opstel van die weefwerk afgeskrik word nie. Die mat word gemaak op die raam, wat vertikaal gehou word, met die gevolg dat dit nie baie ruimte in beslag neem nie en die tegniek is baie maklik om baas te raak.

VOORBEREIDING VAN DIE LAPPIES

Die mat word gemaak van repe materiaal, ongeveer 2,5 cm breed. Die heel beste is om net een soort materiaal te gebruik. Later wanneer jy die basiese tegniek bemeester het, kan jy met verskillende kombinasies eksperimenteer. As jy reslappies en ou klere as materiaal gaan gebruik, was dit dan eers deeglik voordat jy begin.

Werk ook eers vooraf 'n kleurskema uit sodat jy materiaalrepsies in hierdie kleure kan uitsoek of hulle kan kleur soos jy verlang.

Hierdie mat is gemaak van 'n mengsel bedrukte katoenreslappies (by 'n rokfabriek gekry) en katoenkaliko wat verskillend gekleur is. Katoen is een van die maklikste materiale om te kleur mits jy die aanwysings op die blikkie of bottel noukeurig volg.

Jy sal die lappies in repe van 2,5 cm breed moet knip. Die maklikste manier is om dit te doen terwyl jy weef.

Elke strokie moet ongeveer 15,24 cm langer as die wydte van die voltooide mat wees.

Katoenstof behoort eerder geskeur as geknip te word aangesien dit aan die mat 'n growwer en interessanter tekstuur verleen.

AANWYSINGS VIR DIE LAPPIESMAT

Benodigdhede vir die mat van 150 x 92 cm: Twee stukke glad geskaafde hout van 5 x 5 cm, elk 195 cm lank; twee stukke glad geskaafde hout van 5 x 2,5 cm, elk 135 cm lank; drie stukke harde hout van 2,5 x 0,63 cm, elk 152,4 cm lank; vier elk spoorboute en vleuelmoere; sterk katoengaring vir skering (vadoekdraad is ideaal); twee 244-cmlengtes kontraskleurige lyn of draad; 'n Afro-kam om die lappies mee af te skuif (dis goedkoper as 'n regte wewersklopper); lappies (ongeveer 8 m materiaal van 115 cm wyd, 9 tot 10 m



Leer om soos die mense van die agttiende eeu te weef. Spring weg met 'n vloermat en 'n stoelkussing

VIR LUUKSE

materiaal van 90 cm wyd). Die aanwysings is net naastenby, aangesien dit onmoontlik is om die presiese besonderhede uit te werk, veral as ouklere gebruik word.

HOE OM DIE RAAM TE MAAK:

Gebruik die stawe geskaafde hout en monteer die raam soos in afbeelding 1. Versink die horisontales in die vertikales waar hulle bymekaarkom sodat die vooraansig van die raam gelyk-



fig. 1

vlaklig is (afbeelding 2). Boor gaatjies deur altwee stukke hout by elke hoek en heg vas met spoorbouten en moere. As die raam op hierdie manier gemonteer word, kan dit maklik na gebruik uitmekaargehaal en weggebêre word tot die volgende keer.

OPSKERING VAN RAAM: Die skering is die lengte- of vertikale draad wat op die raam geweef word (die lappies vorm die inslag). Maak eers merkies al langs die boonste en onderste horisontale vlakke van die raam, 1,9 cm van mekaar af, en begin by die middelpunt en werk dan uitwaarts, 45,7 cm na elke kant toe. Indien jy van plan is om die raam weer te gebruik, plak dan maskeerband al langs die horisontale vlakke en maak die merkies hierop. Later as jy miskien iets anders wil weef, sal jy dalk ander merkies daarop moet maak.




fig. 2

Bind die skeringdraad rondom die boonste staaf van die raam by die eerste merkie aan die linkerkant vas. Knoop die draad baie stewig vas, bring dit vertikaal deur die raam afwaarts en rondom die eerste merkie op die onderste staaf. Gaan voort om die draad in 'n syferagtbeweging rondom elke merkie aan die bokant en onderkant van die raam te wind en trek die draad taamlik styf soos jy vorder (afbeelding 3). Wees versigtig dat die draad nie knoop nie. Wanneer jy by die laaste merkie op die

onderste staaf kom, knoop die draad dan weer soos aan die begin baie stewig vas. Die syferagtdraade vorm elk twee skeringdraade.

'n Goeie wenk is om draad van twee verskillende kleure vas te knoop, een aan elke kant rondom die merkies aan die eindpunte van die bokant tot die onderkant van die raam. Hierdie draad sal nie vir die weefwerk gebruik word nie, maar net as 'n gids om te toon waar die selfkante van die weefstuk moet wees.

Neem nou een van die stawe harde hout van 152 cm en „weef” dit onder die eerste draad aan die linkerkant, oor die tweede, onder die derde en verder oor die skering soos in afbeelding 4 aangetoon. Stoot hierdie stukkie hout so ver moontlik na onder op die raam. Steek nou 'n tweede staaf harde hout oor die eerste skeringdraad, onder die tweede deur, ensovoort. Stoot die hout so ver moontlik na die bokant van die raam.

Tussen hierdie twee stukke hout word die derde staaf harde hout oor die eerste skeringdraad, onder die tweede, ensovoort ingestek. Dit is jou skeipen. Wanneer jy weef, kan dit gedraai word om 'n gaping of skeiding te vorm waardeur die strokies materiaal geryg kan



fig. 3

word. Terwyl jy weef, moet die skeipen ongeveer 30 cm bokant die vlak waarteen jy werk, gehou word. Dit gee jou oorgenoeg ruimte om te werk, terwyl jy nog dieselfde effek verkry.

MAAK 'N STEWIGE RAND: Voordat jy werklik met die lappies begin weef, is dit noodsaaklik om eers 'n sterk rand vir die mat te maak. Weef 'n stuk draad (dieselfde as wat jy vir die skering gebruik het) oor die skeringdraade, oor en onder afwisselend aan die onderkant van die raam. Knoop hierdie draad aan weerskante van die raam vas. Werk Soumak-steek al langs hierdie lyn. Begin deur die draad rondom die eerste skeringdraad te bind, neem dit dan rondom die tweede skeringdraad, ensovoort soos op afbeelding 5 getoon. Gaan oor die wydte op hierdie manier

voort en verseker dat die steke egalig en nie te styf is nie. Maak 'n tweede ry terug oor die skering in die teenoorgestelde rigting.

Gebruik nog dieselfde draad en werk twee rye gewone weefsel. **Eerste ry:** Weef onder die eerste skeringdraad, oor die tweede, ensovoort. **Tweede ry:** Weef terug oor die skering in die teenoorgestelde rigting. Die rye weefsel moet mekaar afwissel: laat die tweede ry oor die skeringdraad gaan waar dit in die vorige ry onderdeur gegaan het en andersom. Heg die punte vas. Nadat elke ry voltooi is, slaan die draad met die kam af om dit sodoende styf en egalig te maak.





fig. 4

WEEFWERK MET LAPPIES: Elke ry weefsel word met 'n materiaalstrokie van 'n verskillende kleur gedoen wat 107 cm lank is. Indien dit nodig is om van die strokies in die middel van 'n ry te las, laat elkeen mekaar dan met ongeveer 5 cm oorvleuel.

Weef elke strokie gewoonweg oor die hele ry en los dieselfde lengte van die materiaal aan elke kant. Wanneer die ry voltooi is, neem dan elke punt van die materiaalstrook rondom die buitenste skeringdraad en weef dit 5 cm of 8 cm terug oor en onder afwisselende draade van die hoofry.

Weef op hierdie manier voort en kies en knip die lapstroke soos jy vorder en slaan elke ry met die kam af. Onthou om die rye af te wissel sodat, indien die eerste ry begin het met die strokie onder die eerste skeringdraad deur, die tweede ry begin met die strokie oor hierdie draad, ensovoort.



Elke afwisselende ry kan ook heel eenvoudig gemaak word deur die skeipen op sy sy te draai. Die lapstroke

WEEF LAPPIES VIR LUUKSE

skuif dan makliker deur en jy vorder soveel makliker vanweë die gaping wat ontstaan.


Sorg dat elke kant van die mat reguit bly (die gekleurde gidsdrade help jou om te oordeel). Nadat jy ongeveer 10 cm gewerk het, knoop die werk aan die kante van die raam vas om dit styf te hou (afbeelding 6). Doen dit ook na elke daaropvolgende 10 tot 15 cm.

Terwyl jy opwaarts na die middel van die raam werk, begin die skeringdrade aan die kante na binne sak (die gewig van die mat is die oorsaak). Knoop 'n draad rondom elke buitenste skeringdraad en rondom die kant van die raam vas. Hierdie lus kan dan opwaarts geskuif word terwyl jy werk om die kante van die mat parallel met die kante van die raam te hou.

AFWERKING VAN DIE MAT: Wanneer die mat die verlangde lengte (150 cm) is, maak dan twee rye gewone weefsel en twee rye Soumak-steek soos voorheen en gebruik dieselfde katoendraad. Knoop die draad stewig rondom die laaste skeringdraad vas. Knoop alle drade los waarmee die werk aan die kante vasgeknoop was. Verwyder alle

stawe harde hout en knip dan elke skeringdraad aan die bokant en onderkant van die raam los.

Om die twee ente van die mat te voltooi, knoop die drade in pare met platknope aanmekaar vas en knoop dan groepies van drie aanmekaar soos



afbeelding 7 toon. Knip die fraaiings ewe lank en gaan die agterkant sowel as die voorkant van die mat deeglik na.

Knip elke stukkies materiaal wat te ver uitsteek, af. Indien ente van strokies uitsteek, druk hulle dan net weer in die mat terug.

AANWYSINGS VIR DIE LAPPIES-KUSSINGOOR- TREKSEL

Die aanwysings vir die kussingoor-treksel is basies dieselfde as vir die mat, maar die kussingoor-treksel word met lapstrokies en katoengare geweef.

**BENODIGDHEDE VIR 'N VIER-
KANTIGE KUSSING VAN 46 CM:**
Twee stukke glad geskaafde hout van 5

x 5 cm, elk 92 cm lank; twee stukke glad geskaafde hout van 5 x 2,5 cm, elk 92 cm lank; drie stukke harde hout van 2,5 x 0,63 cm, elk 97,5 cm lank; vier elk spoorboute en vleuelmoere; sterk katoendraad vir skering (d.w.s. va-doekgaring); twee 135-cm-lengtes teenstellende kleure lyn of gare; 'n Afro-kam; lappies (ongeveer 50 cm materiaal van 115/122 cm wyd, 75 cm materiaal van 90 cm wyd); gekleurde weefgaring (ongeveer dieselfde dikte as die skeringdraad in kleure wat by die kleure van die lappies insakeer); papier vir die patroon; 50 cm materiaal vir rugkant van kussing (minimum wydte



50 cm); 41-cm-ritssluiters; 25 cm kontraskleurige materiaal vir boordsel (minimum 90 cm wyd); 2 meter bieskoord; 50 cm kaliko vir die kussing (minimum 115 cm wyd); skuimrubberbrokkies.

**AANWYSINGS OM RAAM TE
MAAK:** Volg aanwysings vir mat en gebruik die geskaafde hout van 5 x 5 cm vir die vertikale dele.

OPSKERING VAN RAAM: Volg weer die aanwysings vir die mat, maar plaas die merke al langs die bokant en onderkant van raam 1,2 cm uitmekaar



Of jy nou jou slag vir manlief se sakevriende wil wys, vir 'n partytjie klaarmaak of 'n gesellige aandjie met vriende beplan, Dinu gee die toon aan.

Dinu tafeldoek en servette is onmiskenbaar elegant, sag soos die fynste suiwer linne. Maar dis van papier. Die tafeldoek is deurtrek met 'n sintetiese materiaal, en kan dus weer gebruik word. Maar as iemand 'n glips het met rooiwijn of hollandaisesous kos dit nie veel om liefstellig te bly nie. Dinu is te kry in 'n hele reeks diep skakerings om te pas by die luim, breekgoed of taferversiering. Bypassende dubbellaag-servette in twee groottes.



Dinu vir etes van formaat...



(totale wydte 50,8 cm).

Steek die harde hout soos vir die mat in.

WEEFWERK

Begin soos met die mat met 'n sterk rand met Soumak-steek (raadpleeg afbeelding 5). Die strokies materiaal moet minstens 61 cm lank wees. Weef soos aangegee vir die mat, maar moenie die punte van die strokies aan die agterkant terug weef nie. Wissel die rye lappies met rye geweefde katoendraad af (dit kan deurgaans gewerk word). Een ry lapstrokies gevolg deur vier tot ses rye katoendraad (raadpleeg kleur-foto) is ongeveer voldoende. Voltooi die werk sal ongeveer 50,8 x 50,8 cm wees.

Voltooi die weefwerk soos aangegee vir die mat, maar moenie die punte van die skeringrade knoop nadat dit van die raam losgeknipt is nie.

AFWERKING VAN KUSSING:

Maak 'n patroon deur 'n vierkant van 45,72 cm op papier te teken. Rond die hoeke af deur klein glasies of eierkiesies in elkeen te plaas en rondom dit te teken. Knip die patroon uit.

Sentreer die patroon op die verkeerde kant van die geweefde materiaal en teken rondom die buitelyn van patroon met snyerskryt. Verwyder die patroon en stik twee keer oor die krytmerk. Knip die geweefde werk tot 2,5 cm vanaf die stiksel reg rondom af.

Knip die papierpatroon middeldeur

en speld albei die helftes op die rugmateriaal van die kussing vas. Knip rondom elke helfte van patroon en voeg 2,5 cm vir naattoelating reg rondom by.

Met regte kante opmekaar, plaas die rugmateriaalpante van die kussing opmekaar. Laat 2,5 cm toe vir nate en speld en stik 'n 5-cm-naat aan elke kant van die reguit kant van materiaal. Pars die naat oop en stik die ritssluiting in die opening.



fig. 8

OM BOORDSEL TE MAAK: Knip skuins stroke wat 3,8 cm wyd is uit kontraskleurige materiaal. Stik die stroke aanmekaar soos afbeelding 8 toon om een lang strook van 190 cm te vorm. Plaas die bieskoord rondom die stiksel van die geweefde voorkant van kussingoottreksel en knip sodat dit presies pas. Las die twee punte van die bieskoord aanmekaar met kleefband om 'n lus te vorm. Knip die skuins strook 1,2 cm langer as die bieskoord en stik die punte aanmekaar soos afbeelding 8 aantoon om 'n aaneenlopende lus te vorm. Laat 0,63 cm toe vir naat. Pars al die nate oop.

Met die regte kant aan die buitekant,

vou die skuins strook rondom die bieskoord en speld die kante van die skuins strook reg rondom opmekaar en teenaan die bieskoord vas. Gebruik die ritsvoetjie van die masjien en stik al langs die skuins strook so na as moontlik teenaan die bieskoord. Dan met die voorkant van die kussingoottreksel aan die bokant, speld die bieskoord rondom die stiksely vas sodat die koord na die middel van die kussing wys. Stik met die ritssluitervoetjie.

Met regte kante opmekaar, plaas die voorkant van die kussingoottreksel op die agterkant van die oortreksel en speld oor die bieskoordstiksely. Maak seker dat die ritssluiting oop is. Stik rondom die kante van die kussing, al langs die bieskoord se stiksely. Knip al die nate tot 1,2 cm gelyk af en knip in die hoeke van die nate alleenlik van die rugmateriaal. Dop die oortreksel na die regte kant toe om.

OM DIE KUSSING TE MAAK: Gebruik dieselfde papierpatroon (plak net die twee helftes met kleefpapier aanmekaar vas), knip twee dele uit die kaliko, laat 1,2 cm reg rondom ekstra toe vir nate en laat 20 cm in die middel van die een kant oop. Knip in die naattoelatings by die hoeke en dop om na die regte kant.

Vul die kussingsloop met die skuimrubberbrokkies en werk die opening met die hand toe. Trek die oortreksel oor die kussing en rits toe.



en Diamond vir die buitelluglewe

Diamond papierservette is 'n ware staatmaker vir meer informele geleenthede: gesinspreke, vleisbraaie, kampering en picknicks. Gewoon of gedruk. In pakke volgens jou behoeftes. En moenie die Diamond papierstrooitjies vir kinderpartytjies vergeet nie. Afsonderlik voorgedraai of in pakke.

VERVAARDIG DEUR:
UNIVERSAL PAPER INDUSTRIES
(EDMS) BEPERK
Posbus 1713, Pretoria 0001
Tel. (012) 79-4261/2/3

Diamond

